No 16 - 2026] Third Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 11 JUNE 2026

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr K Brinkhuis
Mr M Booysen
Prof N Mbombo
Ms A P Bans
Ms B Stoffel
Ms T Lithakong
Mr B N Herron

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**ORDERS OF THE DAY**

1. Consideration of report of the Standing Committee on Local Government, Environmental Affairs and Development Planning on the Western Cape Land Use Planning Amendment Bill [B 3–2025]. (See Announcements, Tablings and Committee Reports, no 53, dated 8 June 2026, p 277.)

2. Consideration and finalisation of the Western Cape Land Use Planning Amendment Bill [B 3–2025]. (Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning.)

3. Consideration of report of the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters on the Constitution of the Western Cape Amendment Bill (Determination of Number of Members) [B 6B–2023]. (See Announcements, Tablings and Committee Reports, no 83, dated 26 August 2025, p 316.)

## FURTHER BUSINESS

**NOTICE OF MOTION** ***(11 June 2026)***

1. Mr M K Sayed: I hereby bring this substantive motion to place before the House a matter concerning the operation of the Code of Conduct for Members of the Western Cape Provincial Parliament and the institutional role assigned to the Office of the Speaker within the appeals process established by that Code; notes that sections 30 and 31 of the Code of Conduct establish an Appeals Committee and designate the Speaker of the Western Cape Provincial Parliament as Chairperson of that Committee, with the authority to hear and determine appeals arising from decisions of the Conduct Committee; further notes that section 33 of the Code of Conduct requires the findings and recommendations of the Appeals Committee to be reported to the House and that the Speaker, as Presiding Officer of the Legislature, is required to act upon decisions of the House arising from such proceedings, recognises the unique constitutional position occupied by the Speaker as the principal presiding officer of the Legislature, the custodian of the institution and the representative of all Members irrespective of party affiliation; further notes that the current framework may create a reasonable apprehension that insufficient institutional separation exists between the appellate function exercised by the Appeals Committee and the constitutional responsibilities exercised by the Speaker in relation to the House; acknowledges that the concern raised relates to the structure and design of the Code of Conduct itself and does not concern the conduct, integrity or impartiality of any current or former holder of the Office of the Speaker; further notes that public confidence in parliamentary disciplinary processes depends not only upon actual fairness and impartiality but also upon the perception that such processes are independent, transparent and procedurally fair; therefore resolves that the matter be referred to the Conduct Committee and the Rules Committee for urgent consideration and review of sections 30, 31 and 33 of the Code of Conduct; further calls upon the Conduct Committee and the Rules Committee to consider whether the continued participation of the Speaker as Chairperson or member of the Appeals Committee remains appropriate in light of the constitutional role of the Office of the Speaker and the principles of procedural fairness; further calls upon the relevant committees to consider amendments to the Code of Conduct that would create a clearer institutional separation between the appellate function and the constitutional responsibilities of the Speaker; finally resolves that the committees report back to the House with recommendations on any legislative, procedural or institutional reforms necessary to strengthen the integrity, fairness and credibility of the parliamentary disciplinary framework.

2. Mr D W Bryant: That the House notes that the City of Cape Town and large parts of the Western Cape are supplied with drinking water that consistently meets high national and international quality standards, with South African potable water historically recognised among the highest-quality municipal drinking water systems globally through the Blue Drop Certification Programme; notes that, despite the high quality and safety of municipal drinking water available in the precinct of the Western Cape Provincial Parliament, disposable plastic bottled water continues to be procured for sittings, committee meetings and other parliamentary activities; notes that plastic pollution and microplastic contamination have become a growing environmental and public health concern internationally and in South Africa; notes that recent peer-reviewed South African research found microplastics in all sampled bottled water brands tested in the country, with concentrations ranging from 5 to 25 particles per litre and with polyethylene terephthalate (PET) and polypropylene among the most common polymers identified; notes that

international research indicates that individuals who consume bottled water regularly may ingest substantially more microplastic particles annually than those who primarily consume tap water; notes that plastic bottles contribute significantly to landfill waste, marine pollution and environmental degradation, particularly in coastal regions, such as the Western Cape, where studies have shown increasing levels of microplastic contamination in coastal waters, stormwater systems and marine ecosystems around Cape Town; notes that the Western Cape Government and the Western Cape Provincial Parliament have repeatedly committed themselves to sustainability, environmental stewardship and reducing unnecessary waste in government operations; notes that many legislatures, universities, municipalities and international institutions have successfully transitioned away from single-use bottled water in favour of refill stations, reusable jugs and drinking glasses as part of broader sustainability programmes; and therefore resolves that the procurement and use of disposable plastic bottled water in the Western Cape Provincial Parliament precinct be phased out over a period of three months from the adoption of this motion, that reusable water jugs, refill stations and drinking glasses be provided to Members during all sittings of the House and meetings of committees, that this policy applies to all ordinary committee meetings and parliamentary activities held within parliamentary facilities, that exceptions be permitted only in emergency situations, disaster-response circumstances, or special meetings and oversight visits where it is not reasonably possible to provide a practical alternative to bottled water.

3. Mr M K Sayed: That the House debates the alarming rise of extortion syndicates targeting the Western Cape, and threatening the safety of learners, educators and school communities.

4. Ms B Stoffel: That the House debates the growing concerns regarding governance, transparency and accountability in the City of Cape Town following recent corruption and collusion investigations involving senior municipal officials.

5. Ms N D Nkondlo: That the House debates the high number of young people in the Western Cape who are not in employment, education or training (NEETs).

**NOTICES OF MOTION *(4 June 2026)***

1. Mr B Adams: That the House notes the historical, cultural and ancestral significance of Knoflokskraal to the Khoi community; further notes the need to preserve indigenous heritage, social stability, lawful governance and human dignity in the settlement; and therefore calls on the Western Cape Government, together with relevant stakeholders and community representatives, to explore the establishment of a lawful community trust or similar entity for Knoflokskraal in order to protect the ancestral and cultural rights of the Khoi community, to recognise and respect Khoi customary laws and traditions in line with the Constitution, to promote peace, lawful governance and social order in the community, and to prevent arbitrary evictions or displacement while meaningful engagement processes are underway.

2. Mr N P Masipa: That the House congratulates the City of Cape Town and Mayor Geordin Hill-Lewis on the official opening of the Masiphumelele Gateway Market on Monday 5 May 2026; notes that this R20 million investment provides 57 informal traders with a safe, modern and dignified trading environment, moving them from outdoor conditions into a facility equipped with kiosks, food preparation areas, seating and parking; commends the City's commitment to fostering the township economy by including large kiosks

specifically designed for light manufacturing, allowing small businesses in the Masiphumelele, Kommetjie, and Ocean View areas to scale their operations; acknowledges that this development comes at a vital time as winter begins, offering protection from the elements and restoring dignity to both traders and customers who previously operated in muddy and undignified conditions; celebrates this project as a benchmark for urban renewal and economic growth; and resolves to continue supporting initiatives that provide local entrepreneurs with the infrastructure they need to build sustainable livelihoods and to contribute to the provincial economy.

3. Mr N P Masipa: That the House congratulates the Democratic Alliance after its historic victory in ward 28 in Emfuleni, Gauteng; notes that this was a 100% township ward where conventional political wisdom claimed that the DA could never win; notes that through consistent community engagement, principled leadership and tireless activism, the DA grew from a 1,2% support base in 2004 to a victory in 2026 with 32,4% of the vote; further notes the dramatic decline of the ANC in the ward, from more than 90% support in the early 2000s to only 32,1% today, reflecting the growing rejection by residents of corruption, collapsing service delivery, unemployment, sewage spills, broken infrastructure and failed governance in Emfuleni; and acknowledges that this victory demonstrates that South Africans, regardless of race, geography or historical voting patterns, are increasingly choosing a government that works, delivers services, creates opportunities, protects taxpayers' money and respects the dignity of communities.

4. Mr D W Bryant: That the House notes the City of Cape Town's ongoing Winter Readiness Programme, which includes an investment of more than R85 million in critical flood mitigation projects across the metropolitan area; further notes the work being undertaken to clear canals, rivers and stormwater infrastructure, remove litter and invasive vegetation, and improve drainage systems ahead of the peak winter rainfall season; and recognises the importance of both infrastructure maintenance and responsible waste disposal in reducing flood risks, protecting communities and improving environmental outcomes.

5. Prof N Mbombo: That the House notes with deep concern the fatal shooting incident that occurred at a taxi rank in Nyanga this week, in which four taxi drivers lost their lives and two other individuals were seriously injured; further notes that the incident has caused shock and distress in the affected communities and the minibus taxi industry; and calls for a thorough investigation by law enforcement authorities to ensure that those responsible are brought to justice and to help prevent further violence in the public transport sector.

6. Mr P Johnson: That the House notes the ongoing admissions process for the 2027 academic year in the Western Cape, following the release of placement outcomes for on-time applications for Grade R, Grade 1 and Grade 8 learners; further notes that parents and guardians have until 15 June 2026 to confirm placement offers, which will release thousands of additional school places for learners still waiting for placement; and acknowledges the importance of timely confirmations and constructive engagement to support the successful placement of every learner and to uphold every child's right to basic education.

7. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes the grant funding awarded by the City of Cape Town to the Greater Tygerberg Partnership to support the restoration of the Elsieskraal River and surrounding wetland areas in Elizabeth Park, Bellville; further notes that the project will include the planting of indigenous vegetation, community clean-

up initiatives and environmental education programmes aimed at improving water quality and restoring biodiversity; and recognises the value of partnerships between communities, civil society and local government in protecting and rehabilitating urban waterways for the benefit of current and future generations.

8. Mr M B Ngqentsu: That the House condemns in the strongest possible terms the continued targeting of Cuba and former President Raul Castro Ruz by United States–led Western imperialist forces, whose objective has been to undermine Cuba's sovereign right to determine its own political, economic and social system; denounces the United States–led economic blockade against Cuba, which for more than six decades has imposed severe hardships on the Cuban people, restricted the country's access to international markets, finance and essential goods, and constitutes a violation of Cuba's sovereignty and right to self-determination; notes that Raul Castro Ruz became a target of imperialist hostility because he refused to reverse the gains of the Cuban Revolution, refused to restore capitalism, and instead committed himself to maintaining, defending and further perfecting the socialist project in Cuba; recognises that, despite enduring economic sanctions, political pressure and sustained efforts at regime change, the Cuban people have continued to defend their revolution and pursue a development path centred on social justice, equality and human dignity; acknowledges Cuba's historic contributions to humanity through its internationalist programmes in health care, education, disaster relief and solidarity with liberation movements and developing nations, including those on the African continent; reaffirms solidarity with the people of Cuba in their struggle against imperialist aggression, economic coercion and external interference; calls on this House, civil society organisations and the broader public to provide material support to the people of Cuba, including donations of imperishable food items, medical supplies and other essential goods, as a practical expression of international solidarity; notes that Cuba remains one of the few countries in the world where access to essential services, such as health care and education, is guaranteed as a social right rather than treated as a commodity for profit; and accordingly, pledges its unwavering solidarity with the people of Cuba, calls for the immediate and unconditional lifting of the economic blockade, and rejects all attempts to undermine Cuba's sovereignty, independence and socialist development.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms P Z Lekker (p 10); Ms A P Bans (p 10); Mr K Brinkhuis (p 11); Mr T C R Walters (p 11); Mr D W Bryant (p 12); Mr D J Wessels (p 12); Mr P Johnson (p 12); Ms W F Kaizer-Philander (p 12); Ms R Windvogel (p 12); Ms P Z Lekker (p 13); Ms N D Nkondlo (p 13); Ms N D Nkondlo (p 14).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 11 JUNIE 2026

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr K Brinkhuis
Mnr M Booysen
Prof N Mbombo
Me A P Bans
Me B Stoffel
Me T Lithakong
Mnr B N Herron

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**DAGORDERS**

1. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Grondgebruikbeplanning [W 3–2025]. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 53, gedateer 8 Junie 2026, bl 277.)
2. Oorweging en finalisering van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Grondgebruikbeplanning [W 3–2025]. (Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.)
3. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor die Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van die Wes-Kaap (Bepaling van Getal Lede) [W 6B–2023]. (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 83, gedateer 26 Augustus 2025, bl 316.)

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE** ***(11 Junie 2026)***

1. Mnr M K Sayed: Ek stel hiermee hierdie substantiewe voorstel voor om ŉ saak voor die Huis te lê aangaande die werking van die Gedragskode vir Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en die institusionele rol wat aan die amp van die Speaker in die appèlproses toegeken is wat deur daardie Kode ingestel is; met kennisname dat artikel 30 en 31 van die Gedragskode ŉ Appèl-komitee instel en die Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement as Voorsitter van daardie Komitee aanwys, met die bevoegdheid om appèlle wat voortspruit uit besluite van die Gedragskomitee aan te hoor en daaroor te beslis; met verdere kennisname dat artikel 33 van die Gedragskode vereis dat oor die bevindinge en aanbevelings van die Appèlkomitee aan die Huis verslag gedoen word, en dat die Speaker, as voorsittende beampte van die wetgewer, verplig is om op te tree ooreenkomstig besluite van die Huis wat voortspruit uit sulke verrigtinge; erkenning gee aan die unieke grondwetlike posisie wat die Speaker as die hoof- voorsittende beampte van die wetgewer beklee, die bewaarder van die instelling en die verteenwoordiger van alle Lede ongeag partyverbintenis; verder met kennisname dat die huidige raamwerk ŉ redelike besorgdheid kan skep dat daar onvoldoende institusionele skeiding bestaan tussen die appèlfunksie wat deur die Appèlkomitee uitgeoefen word, en die grondwetlike verantwoordelikhede wat deur die Speaker met betrekking tot die Huis uitgeoefen word; erkenning gee dat die uitgesproke kommer verband hou met die struktuur en ontwerp van die Gedragskode self en nie met die gedrag, integriteit of onpartydigheid van enige huidige of voormalige bekleër van die amp van die Speaker nie; verder met kennisname dat die openbare vertroue in parlementêre dissiplinêre prosesse nie net van werklike billikheid en onpartydigheid afhang nie, maar ook van die persepsie dat sulke prosesse onafhanklik, deursigtig en prosedureel billik is; dus besluit dat die saak na die Gedragskomitee en die Reëlskomitee verwys word vir dringende oorweging en hersiening van artikel 30, 31 en 33 van die Gedragskode; verder ŉ beroep op die Gedragskomitee en die Reëlskomitee doen om te oorweeg of die voortgesette deelname van die Speaker as Voorsitter of lid van die Appèlkomitee gepas bly in die lig van die grondwetlike rol van die amp van die Speaker en die beginsels van prosedurele billikheid; verder ŉ beroep op die betrokke komitees doen om wysigings aan die Gedragskode te oorweeg wat ŉ duideliker institusionele skeiding tussen die appèlfunksie en die grondwetlike verantwoordelikhede van die Speaker sal skep; en uiteindelik besluit dat die komitees aan die Huis verslag doen met aanbevelings oor enige wetgewende, prosedurele of institusionele hervormings wat nodig is om die integriteit, billikheid en geloofwaardigheid van die parlementêre dissiplinêre raamwerk te versterk.

2. Mnr D W Bryant: Dat die Huis kennis neem dat die Stad Kaapstad en groot dele van die Wes-Kaap van drinkwater voorsien word wat op ’n volgehoue basis aan hoë nasionale en internasionale standaarde vir gehalte voldoen, met Suid-Afrikaanse drinkbare water wat histories deur die Blue Drop-sertifiseringsprogram onder die munisipale drinkwaterstelsels met die hoogste gehalte ter wêreld erken word; kennis neem dat, ondanks die hoë gehalte en veiligheid van munisipale drinkwater wat in die parlementêre omgewing van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement beskikbaar is, gebottelde water in weggooibare plastiekbottels steeds vir sittings, komitee-vergaderings en ander parlementêre aktiwiteite verkry word; kennis neem dat plastiekbesoedeling en mikroplastiekbesmetting internasionaal en in Suid-Afrika ’n toenemende omgewings- en openbaregesondheidskwessie geword het; kennis neem dat onlangse portuurbeoordeelde

Suid-Afrikaanse navorsing mikroplastiek in alle handelsmerke van gebottelde water gevind het wat deel van die steekproef was wat in die land getoets is, met konsentrasies van tussen 5 tot 25 deeltjies per liter en met politeentereftalaat ("polyethylene terephthalate" of PET) en polipropileen wat onder die algemeenste polimere is wat geïdentifiseer is; kennis neem dat internasionale navorsing aandui dat individue wat gereeld gebottelde water drink, jaarliks beduidend meer mikroplastiekdeeltjies kan opneem as diegene wat hoofsaaklik kraanwater drink; kennis neem dat plastiekbottels beduidend tot opvulafval, mariene besoedeling en omgewingsafbreking bydra, veral in kusstreke, soos die Wes-Kaap, waar studies toenemende vlakke van mikroplastiekbesoedeling in kuswater, stormwaterstelsels en mariene ekosisteme in Kaapstad aangedui het; kennis neem dat die Wes-Kaapse Regering en die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement hulself herhaaldelik verbind het tot volhoubaarheid, omgewingsvoogdyskap en die vermindering van onnodige afval in staatsbedrywighede; kennis neem dat talle wetgewers, universiteite, munisipaliteite en internasionale instellings met sukses wegbeweeg het van gebottelde water vir enkelgebruik ten gunste van hervulstasies, herbruikbare bekers en drinkglase as deel van groter programme vir volhoubaarheid; en dus besluit dat die verkryging en gebruik van gebottelde water in weggooibare plastiekbottels in die parlementêre omgewing van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor 'n tydperk van drie maande vandat hierdie voorstel goedgekeur is, uitgefaseer word, dat herbruikbare waterbekers, hervulstasies en drinkglase tydens alle sittings van die Huis en vergaderings van komitees aan Lede verskaf word, dat hierdie beleid van toepassing is op alle gewone komiteevergaderings en parlementêre aktiwiteite wat by parlementêre fasiliteite gehou word, dat uitsonderings net toegelaat word in noodsituasies, rampreaksie-omstandighede of spesiale vergaderings en toesigbesoeke waar dit nie redelik moontlik is om 'n praktiese alternatief vir gebottelde water te verskaf nie.

2. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die kommerwekkende toename in afpersingsindikate wat die Wes-Kaap teiken en die veiligheid van leerders, opvoeders en skoolgemeenskappe bedreig, debatteer.

3. Me B Stoffel: Dat die Huis die toenemende kommer in verband met bestuurstoesig, deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid by die Stad Kaapstad debatteer ná onlangse ondersoeke na korrupsie en samespanning waarby senior munisipale amptenare betrek is.

4. Me N D Nkondlo: Dat die Huis die groot aantal jongmense in die Wes-Kaap wat nie by indiensneming, onderwys of opleiding betrokke is nie, debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE** ***(4 Junie 2026)***

1. Mnr B Adams: Dat die Huis kennis neem van die historiese, kulturele en voorgeslagbetekenis wat Knoflokskraal vir die Khoi-gemeenskap inhou; verder kennis neem van die behoefte om inheemse erfenis, maatskaplike stabiliteit, wettige bestuurstoesig en menswaardigheid by die nedersetting te bewaar; en dus 'n beroep doen op die Wes-Kaapse Regering, saam met toepaslike belanghebbendes en verteenwoor-digers uit die gemeenskap, om die vestiging van 'n wettige gemeenskapstrust of soortgelyke entiteit vir Knoflokskraal te ondersoek om sodoende die voorgeslag- en kulturele regte van die Khoi-gemeenskap te beskerm, om erkenning te gee aan en Khoi-gewoontereg en -tradisies in ooreenstemming met die Grondwet te respekteer, om vrede, wettige bestuurstoesig en maatskaplike orde in die gemeenskap te bevorder, en om willekeurige uitsettings of ontworteling te voorkom terwyl betekenisvolle skakelings-prosesse aan die gang is.

2. Mnr N P Masipa: Dat die Huis die Stad Kaapstad en burgermeester Geordin Hill-Lewis gelukwens met die amptelike opening van die Masiphumelele Gateway-mark op Maandag 5 Mei 2026; kennis neem dat hierdie beleg-ging ter waarde van R20 miljoen ’n veilige, moderne en waardige handelsomgewing aan 57 informele handelaars verskaf, wat hulle van buitenshuise toestande na ’n fasiliteit verskuif wat met stalletjies, gebiede vir die voorbereiding van voedsel, sitplek en parkering toegerus is; die Stad te toewyding aan die bevordering van die township-ekonomie loof deur groot stalletjies in te sluit wat spesifiek vir ligte vervaardiging ontwerp is, wat klein sakeondernemings in die Masiphumelele-, Kommetjie- en Ocean View-gebied in staat stel om hul bedrywighede uit te brei; erkenning gee dat hierdie ontwikkeling in ’n noodsaaklike tyd aan die begin van die winter open, wat beskerming teen die elemente bied en waardigheid vir handelaars sowel as kliënte herstel wat voorheen in modderige en onwaardige toestande moes funksioneer; hierdie projek as ’n vergelykingstandaard vir stedelike vernuwing en ekonomiese groei vier; en besluit om voort te gaan om inisiatiewe te ondersteun wat die infrastruktuur aan plaaslike entrepreneurs verskaf wat hulle nodig het om ’n volhoubare lewensbestaan te bou en om tot die provinsiale ekonomie by te dra.

3. Mnr N P Masipa: Dat die Huis die Demokratiese Alliansie gelukwens ná sy geskiedkundige oorwinning in wyk 28 in Emfuleni, Gauteng; kennis neem dat dit ’n 100%-township-wyk is, met die gangbare oortuiging dat die DA nooit daar sou wen nie; kennis neem dat die DA, deur middel van volgehoue gemeenskapskakeling, beginselvaste leierskap en onvermoeide aktivisme, van ’n ondersteunersbasis van 1,2% in 2004 na ’n oorwinning in 2026 met 32,4% van die stemme gegroei het; verder kennis neem van die dramatiese agteruitgang van die ANC in die wyk, met ondersteuning van meer as 90% in die vroeë 2000’s na net 32,1% vandag, wat inwoners se toenemende verwerping van korrupsie, verbrokkelende dienslewering, werkloosheid, rioolstortings, stukkende infrastruktuur en mislukte bestuurstoesig in Emfuleni weerspieël; en erkenning gee dat hierdie oorwinning bewys dat Suid-Afrikaners, ongeag ras, ligging of historiese stempatrone, al hoe meer ’n regering kies wat werk, dienste lewer, geleenthede skep, belastingbetalers se geld beskerm en gemeenskappe se waardigheid respekteer.

4. Mnr D W Bryant: Dat die Huis kennis neem van die Stad Kaapstad se voortgesette Program vir Wintergereedheid (“Winter Readiness Programme”), wat ’n belegging van meer as R85 miljoen vir kritieke projekte vir vloedversagting in die metropolitaanse gebied insluit; verder kennis neem van die werk wat uitgevoer word om kanale, riviere en stormwaterinfrastruktuur te skoon te maak, rommel en indringer-plantegroei te verwyder, en dreineringstelsels voor die spitswinterreënvalseisoen te verbeter; en erkenning gee aan die belangrikheid van die instandhouding van infrastruktuur sowel as verantwoordelike afvalwegdoening om vloedrisiko’s te verminder, gemeenskappe te beskerm en omgewingsuitkomste te verbeter.

5. Mnr P Johnson: Dat die Huis kennis neem van die voortgesette toelatingsproses vir die 2027- akademiese jaar in die Wes-Kaap, ná die vrystelling van plasingsuitkomste vir aansoeke vir graad R-, graad 1- en graad 8-leerders wat betyds ingedien is; verder kennis neem dat ouers en voogde tot 15 Junie 2026 tyd het om plasingsaanbiedings te bevestig, wat duisende bykomende plekke by skole sal vrystel vir leerders wat steeds wag om geplaas te word; en erkenning gee aan die belangrikheid van tydige bevestigings en opbouende skakeling om die suksesvolle plasing van elke leerder te ondersteun en om elke kind se reg op basiese onderwys te handhaaf.

6. Mnr D W Bryant: Dat die Huis kennis neem van die toelaagbefondsing wat die Stad Kaapstad aan die Groter Tygerberg-vennootskap toegestaan het om die herstel van die Elsieskraalrivier en omliggende vleilandgebied in Elizabeth-park, Bellville, te ondersteun; verder kennis neem dat die projek die aanplanting van inheemse plantegroei, inisiatiewe vir opruiming in die gemeenskap en programme vir omgewingsopvoeding sal insluit wat ten doel het om watergehalte te verbeter en biodiversiteit te herstel; en erkenning gee aan die waarde van vennootskappe tussen gemeenskappe, die burgerlike samelewing en plaaslike regering om stedelike waterweë tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte te beskerm en rehabiliteer.

7. Mnr M B Ngqentsu: Dat die Huis die voortgesette teikening van Kuba en die voormalige President Raul Castro Ruz deur Westerse imperialistiese magte onder leiding van die Verenigde State ten sterkste veroordeel, wat ten doel gehad het om Kuba se soewereine reg te ondermyn om sy eie politieke, ekonomiese en maatskaplike stelsel te bepaal; die ekonomiese blokkade van Kuba onder leiding van die Verenigde State veroordeel, wat al vir meer as ses dekades ernstige ontbering vir die Kubaanse mense veroorsaak het, die land se toegang tot internasionale markte, finansies en noodsaaklike goedere beperk het, en ’n skending van Kuba se soewereiniteit en reg tot selfbeskikking is; kennis neem dat Raul Castro Ruz ’n teiken vir imperialistiese vyandigheid geword het omdat hy geweier het om die voordele van die Kubaanse Revolusie om te keer, geweier het om kapitalisme te herstel, en homself eerder verbind het om die sosialistiese projek in Kuba te handhaaf, verdedig en verder tot volmaaktheid te bring; erkenning gee dat, ondanks blywende ekonomiese sanksies, politieke druk en volgehoue pogings vir die verandering van die regeringstelsel, die Kubaanse mense voortgegaan het om hul revolusie te verdedig en ’n ontwikkelingspad nastreef wat op maatskaplike geregtigheid, gelykheid en menswaardigheid gegrond is; erkenning gee aan Kuba se geskiedkundige bydrae tot medemenslikheid deur middel van sy internasionalistiese programme vir gesondheidsorg, onderwys, rampverligting en eensgesindheid met bevrydingsbewegings en ontwikkelende lande, insluitende lande op die kontinent Afrika; eensgesindheid met die mense van Kuba herbevestig in hul stryd teen imperialistiese aggressie, ekonomiese dwang en eksterne inmenging; ’n beroep doen op hierdie Huis, organisasies van die burgerlike samelewing en die groter publiek om materiële ondersteuning aan die mense van Kuba te verskaf, insluitende skenkings van onbederfbare voedselitems, mediese voorraad en ander noodsaaklike goedere, as ’n praktiese uitdrukking van internasionale eensgesindheid; kennis neem dat Kuba steeds een van die min lande in die wêreld is waar toegang tot noodsaaklike dienste, soos gesondheidsorg en onderwys, as ’n sosialistiese reg eerder as kommoditeite vir wins beskou word; en dus sy onwrikbare eensgesindheid met die mense van Kuba uitspreek, ’n beroep doen op die onmiddellike en onvoorwaardelike opheffing van die ekonomiese blokkade, en alle pogings verwerp wat Kuba se soewereiniteit, onafhanklikheid en sosialistiese ontwikkeling wil ondermyn.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me P Z Lekker (bl 10); Me A P Bans (bl 10); Mnr K Brinkhuis (bl 11); Mnr T C R Walters (bl 11); Mnr D W Bryant (bl 12); Mnr D J Wessels (bl 12); Mnr P Johnson (bl 12); Me W F Kaizer-Philander (bl 12); Me R Windvogel (bl 12); Me P Z Lekker (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 13); Me N D Nkondlo (bl 14).